

KWV BEPERK

VRYWILLIGE AANBOD AAN ALLE KWV BEPERK ("KWV") AANDEELHOUERS VIR ONGEVEER 9% VAN DIE UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL VAN KWV

1. INLEIDING

Aandeelhouders word hiermee in kennis gestel dat die direksie van Zeder Beleggings Beperk ("Zeder") 'n vrywillige aanbod maak aan alle KWV-aandeelhouders vir die verkryging, tot 'n maksimum van 34,9% van die gewone uitgereikte aandeelkapitaal van KWV ("die aanbod").

2. VOORWAARDES VAN DIE AANBOD

2.1 Die Aanbodprys

'n Kontant aanbodprys van 375 sent per aandeel is betaalbaar.

2.2 Die Aanbodtydperk

Die aanbod sal open vir aanvaarding op **Vrydag, 13 Maart 2009**, om 09:00 en sal **Vrydag, 3 April 2009**, om 12:00 sluit.

2.3 Basis van allokasie

Aangesien Zeder reeds 'n belang van ongeveer 25% in KWV besit, beoog Zeder om met die aanbod 'n addisionele belang van ongeveer 9% te bekom op 'n "first come first served" basis.

3. WAT STAAN U TE DOEN?

'n Formele omsendbrief wat die besonderhede van die aanbod uiteensit, asook 'n vorm vir die aanvaarding en afstanddoening ("die omsendbrief") sal binnekort aan KWV-aandeelhouders geos word.

3.1 KWV-aandeelhouders moet die omsendbrief noukeurig bestudeer en hulself deeglik vertrouwd maak ten opsigte van die terme van die aanbod en ook die prosedure wat gevolg moet word vir die aanvaarding daarvan, soos uiteengesit in die omsendbrief;

3.2 Aandeelhouders wat besluit om die aanbod te aanvaar moet die instruksies volg soos uiteengesit in die omsendbrief; en

3.3 U kan ons telefonies kontak om die nodige vorms of inligting te bekom.

4. ADDISIONELE INLIGTING

Indien aandeelhouders enige verdere navrae het rakende die aanbod kan Riaan van Heerden gekontak word by PSG Capital (Eiendoms) Beperk op +27 21 887 9602.

7 Maart 2009



Aanbieder



Korporatiewe Adviseur aan Zeder